## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 15 MAART 2018 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administrasie |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitees |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 15 MAART 2018 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**AKSIE**

**BKN001/03/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

'n Stiltegebed word gehandhaaf deur die Voorsitter, waarna hy almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN002/03/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/03/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/03/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 27 FEBRUARIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 27 Februarie 2018 bekragtig word onderhewig aan die volgende regstelling:

Dat die volgende paragraaf soos volg lees:

- Dat slegs 36 (14%) van die 257 munisipaliteite in die land skoon oudit verslae ontvang het, waarvan ***22*** in die Wes-Kaap is.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**BKN005/03/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/03/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Ontvangsdame: Piketberg (Me. M Snell) se broer oorlede is op Vrydag 08 Maart 2018; en
- Dat die Hoof: Verkeersdienste se skoonmoeder oorlede is op Sondag 11 Maart 2018, waarna sy sterkte aan die families toewens.

***

**BKN007/03/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/03/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/03/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN010/03/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die Voorsitter spreek sy dankbaarheid uit teenoor die Portefeulje Voorsitter Tegniese Dienste, die Direkteur Tegniese Dienste en die Munisipale Bestuurder vir die hantering van die waterkrisis in Bergrivier Munisipaliteit.

Verder versoek hy dat die Raadslede en Administrasie nie verkeerde inligting/boodskappe met betrekking tot die waterkrisis aan die gemeenskap van Bergrivier Munisiplaiteit sal kommunikeer nie.

Die Munisipale Bestuurder lig die volgende punte uit:

- Sy gee terugvoer rakende die Spesiale Direksie Vergadering gehou op Donderdag 15 Maart 2018;
- Sy nooi die Portefeulje Voorsitter: Tegniese Dienste en die Wyksraadslede van Piketberg om die vergadering met die konsultant SRK-Raadgewende Ingenieur by te woon op Vrydag 16 Maart 2018 om 09:00 – 10:00 om die nuutste inligting oor die boorgate in Piketberg te kry;
- Sy meld dat "Dag Zero" vir die Weskus tans bereken word op Dinsdag 15 Mei 2018;
- Dat sy teen Vrydag 16 Maart 2018 'n video-opname op sosiale media sal laai en die nuusbrief uit die Kantoor van die Munisipale Bestuurder aan die publiek sal versprei waar ons tans staan met die huidige waterkrisis;
- Dat daar 'n gesprek plaasvind met Swartland Munisipaliteit se Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder oor die loslaat van water uit die Voëlvleidam;
- Sy hou die korrekte feite voor oor waar ons tans staan met die waterkrisis;

- Dat 'n opvolg vergadering plaasvind met Swartland Munisipaliteit en Saldanha-Baai Munisipaliteit oor die water in die Misverstanddam en die loslating daarvan; en
- Dat vroeg in April 2018 'n vergadering met die Premier van Wes-Kaap gereël word, rakende die loslating van water uit die Misverstanddam vir Weskus Distriksmunisipaliteit, Saldanha-baai Munisipaliteit en Bergrivier Munisipaliteit.

Verdere kommentaar word deur die Direkteur Tegniese Dienste gelewer gebaseer op teoretiese berekeninge en veranderlikes op "Dag Zero" en die vergadering met Weskus Distriksmunisipaliteit op Dinsdag 13 Maart 2018 oor die loslaat van water uit die Misverstanddam.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Verdere kommentaar word gelewer deur die Speaker met betrekking tot die samewerking van privaat sektore soos PPC De Hoek.

**BESLUIT**

Dat die administrasie die prioriteit van waterbeskikbaarheid eerste plaas deurdat ander kapitaalprojekte se befondsing liefs aangewend word vir verdere ondersoeke om die waterkrisis aan te spreek.

***

**BKN011/03/2018**
**AANSOEK VIR VERMAAKLIKHEIDSLISENSIE**
**14/1/1/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en neem die Komitee deur die aanbeveling.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die aansoek om vermaaklikheidslisensie ten einde 'n diskoteek/ vermaaklikheidsplek op Erf 789, Piketberg toe te laat, **afgekeur word** in terme van Bergrivier Munisipaliteit Beleid insake Vermaaklikheids-lisensies omrede:

   1.1 Die gebou nie geskik is vir 'n vermaaklikheidsplek nie, aangesien daar nie voldoen word aan die voorgeskrewe brandveiligheid/ rampbestuur vereistes nie en die nie-nakoming daarvan kan lei dat persone ernstig beseer word ten tye van 'n noodsituasie;

   1.2 Die besware ten opsigte van klankdigtheid wel meriete het en gehandhaaf word, aangesien die vermaaklikheidsplek steurnisse veroorsaak vir omliggende bewoners;

   1.3 Daar nie aan die vereistes vir op-perseel parkering voldoen word nie;

2. Dat geluidsisolasiemaatreëls geïmplimenteer moet word ooreenkomstig hul goedgekeurde voorstelle, ingevolge die vereistes van Wes-Kaapse Geraasbeheerregulasies afgekondig ingevolge die Wet op Omgewings-bewaring, 1989 (Wet no. 73 van 1989) en gesertifiseer word deur 'n ge-registreerde akoestiese ingenieur as bewys van uitvoering daarvan; en

3. Dat 'n nuwe aansoek om vermaaklikheidslisensie ingedien kan word met bewyse van nakoming van brandveiligheid- en parkering vereistes, asook klankdigtheid, soos vervat in die redes vir afkeuring, tot bevrediging van hierdie munisipaliteit.

***

**BKN012/03/2018**
**VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS**
**1/4/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en lees die aanbeveling aan die Komitee voor.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die gewysigde Verordening Insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit in beginsel aanvaar word en gepubliseer word vir openbare kommentaar.

***

**BKN013/03/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2018**
**5/1/B,5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for January 2018.

***

**BKN014/03/2018**
**HANDLEIDING OOR WERKSAAMHEDE VAN EN REGISTER VAN REKORDS GEHOU DEUR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**2/B**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die gewysigde handleiding oor werksaamhede van en register van rekords gehou deur Bergrivier Munisipaliteit goedgekeur word;

2. Dat die handleiding op die webtuiste geplaas word; en

3. Dat elke Adjunk-Inligtingsbeampte van 'n afskrif van die betrokke handleiding voorsien word.

***BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE***

***

**BKN015/03/2018**
**HERROEPING VAN BELEIDE**
**2/B**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

Dat die onderstaande beleide, soos hierby aangeheg as Bylae 1, herroep word:

- Aangegewe Voordele Versekering
- Advertensie- en Kennisgewingborde
- Advertensies in media
- Bonusse
- Eenvormige salarisse en lone
- Eenvormige werksure
- Information Communication Technology Framework
- Langdiensbonus
- Reglement van orde
- Etes na afloop van Raadsvergaderings
- Rotering van Raadsvergaderings
- Risk Management Strategy
- Enterprise Risk Management
- Risk Management Implementation Plan
- Verkrygingsbeleid
- Afkoop van Verlof
- Woonerwe : Vervreemding vir Personeeldoeleindes

***BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE***

***

**BKN016/03/2018**
**VERKEERSKALMERINGSBELEID**
**?/B**

Raadslid du Plooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Voorsitter meld dat hy 'n versoek vanaf die Direkteur Gemeenskapsdienste ontvang het dat die item terug verwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee.

**BESLUIT**

1. Dat die Verkeerskalmeringsbeleid elektronies aan die Raadslede versprei word vir insette/kommentaar;

2. Dat die item terugverwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee sodat dit gewerkswinkel word voordat dit na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word vir goedkeuring.

***DIREKTEUR GEMEESKAPSDIENSTE***

***

**BKN017/03/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**

Geen

***

**BKN018/03/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste meld dat daar by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering notules van die wykskomitees voorgelê sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN019/03/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN020/03/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN021/03/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN022/03/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:20***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
27 MAR 2018
MUNICIPALITY MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***